LANDBOUWEEKBLAD

THEUNS BOTHA 22 FEFBRUARIE 2008



The Damara of Southern Africa
Redakteur: Dawie du Toit
Sagteband. 128 bladsye op glanspapier met kleurfoto's. Prys R228 BTW ingesluit
Uitgewer : Dawie du Toit, Posbus 141, Prieska 8940
mwdatru@iafrica.com of 083 444 38 22

****

Wat 'n voorreg om 'n boek van die gehalte te resenseer. Sommer met die eerste deurblaai is dit duidelik dat die redakteur, Dawie du Toit, passievol oor die Damaraskaap is. Die boek wat op glanspapier gedruk is en ses hoofstukke beslaan, bevat meer as 300 voortreflike kleurfoto's wat die Damara in sy ryke kleursamestellings uitbeeld.

Ofskoon gesoute boere sou redeneer dat dit nie die kleur van die huid wat 'n dier voortreflik maak nie, maar dít wat onder die vel is wat die geld in jou sak sit, vertel die kleur, soos by die Nguni-beesras, jou iets van die genetika en herkoms van die besondere skaapras.

In hoofstuk 6 van die boek, wat 84 bladsye beslaan, wy die Nieu-Seelandse navorser, Roger Lundie, breedvoerig uit oor die kleursamestellings van die skape wat hy met 'n besoek aan Suid-Afrika in 2005, teëgekom het en hoe sekere kleurpatrone moontlik kon ontstaan het. Daar is ook verwysings na ander gekleurde skaaprasse oor die wêreld heen. Lundie gee egter toe, dat sy waarneming bloot op fenotipe gegrond is en nie as wetenskaplike feite geboekstaaf kan word nie. Máár is sy boodskap aan Damara-telers; "Koester die ryke kleurverskeidenheid van die ras."

Hoofstuk 5 deur die Amerikaanse genetikus, dr. D Phillip Sponenberg wat ook oor die kleurgenetika van die Damara handel, is meer op die punt af en beter georden.

Die eerste hoofstuk waarin Dawie du Toit 'n historiese oorsig van die Damara skaap in Suider-Afrika gee, is boeiende leesstof. Ook die nostalgiese foto's uit die versameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek en ander afbeeldings van die Himba-stam, is 'n fees vir die oog.

Benewens 'n kort hoofstuk oor die bewaring van die Damaraskaap (D Phillip Sponenberg) bespreek du Toit ook kommersiële boerdery met die ras, die plek wat dit tussen ander gekleurde skaaprasse in die wêreld inneem en die toekoms daarvan.

Die boek het toevallig sy ontstaan gehad toe du Toit in 2004 'n Wêreldkongres vir Gekleurde Skaap in Nieu-Seeland bygewoon het. Dit is hier waar hy met Sponenberg en Lundie kennis gemaak het, en hulle Suid-Afrika kort daarna besoek het om meer van die ras te wete te kom.

Vir enigeen wat betower word deur die inheemse skaaprasse van Afrika, is hierdie 'n móét koop, wat ewe mooi op 'n koffietafel in die studeerkamer sal pryk en ook 'n ideale verjaardagpresent kan maak.